Kixpirasie 1, 2022 - Harte van liefde

Dis die begin van 'n nuwe jaar. Dit is tyd om al die Kix-leiers byeen te bring vir spanbou en toerusting. Gebruik die volgende speletjie om mekaar beter te leer ken en oor die tema ***'n Hart vol Liefde*** te gesels.

Harte gesprek speletjie
Maak vooraf verskillende kleure harte - rooi, oranje, geel, groen en blou harte en laat elkeen een kies. Deel daarna die vrae uit / lees dit. Elkeen moet die vraag beantwoord wat by die kleur pas wat hulle vooraf gekies het. Gee daarna kans vir gesels (as daar tyd is).

- Rooi hart – hoe kan mense jou liefhê / ondersteun?
- Oranje hart – hoe kan ons die kinders elkeen laat welkom voel by Kix?
- Geel hart – vertel van iemand wat vriendelik was met jou die afgelope week?
- Groen hart – op watter manier kan jy liefde wys sonder woorde, net met dade?
- Blou hart – waaroor is jy bekommerd of bang vir die nuwe jaar?

Lees: 1 Tess 3: 6-13 (veral vers 12)

Gesels:
- Watter deel van die gedeelte staan vir jou uit?

Bid vir mekaar - dat elkeen Jesus se liefde sal ervaar en deel met mekaar en die kinders.

Gebruik gerus van die volgende video's vir toerusting:
https://youtu.be/ztAHFOZV6tw (Die verskillende elemente van 'n KIX aanbieding)
https://youtu.be/uPzLYc7iWfs (Hoe om Bybelstories vir kinders aan te bied)

of verwys na die Kix handleiding: https://kixkinders.co.za/wp-content/uploads/2021/11/Kix-handleiding-vir-hulpmiddels.pdf
en die gebedsblokkie: https://kixkinders.co.za/wp-content/uploads/2021/11/gebedsblokkie-verskillende-gebede.pdf